



eduresourceza.com

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 12

PROEFEKSAMEN

KLUSTER - VRAESTEL 2

Eksaminator: Me T Sipambo, Mev C Joubert, Mev E Botha en

Moderatore: Me T Sipambo, Mev C Joubert, Mev E Botha en

Tyd: 2½ uur

100 punte

DATUM: SEPTEMBER 2023

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:

Hierdie vraestel bestaan uit **11 bladsye**. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

- Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
(Kyk ook na die voorgestelde tydsindeling.)

Afdeling A - Letterkunde	[70 punte]	(100 minute)
Afdeling B - Transaksionele skryfwerk	[30 punte]	(50 minute)
- Beantwoord AL die vrae in ALBEI afdelings.
- Beplan** jou paragraaf- en opstelvraag asook albei transaksionele skryfstukke deeglik voordat jy jou finale weergawe neerskryf.
- Begin **elke vraag** op 'n **nuwe bladsy**.
- Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
- ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
- Let op die puntetoekenning by elke vraag.
- Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

AFDELING A LETTERKUNDE


INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n **nuwe bladsy**. Skryf die vraagnommer bo-aan die bladsy.

BEPLANNING (Vir paragrawe en langer skryfstukke)

1. Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel/paragraaf of langer skryfstukke** te beplan voordat jy dit neerskryf.
 - (a) Skryf die opskrif: BEPLANNING bo-aan.
 - (b) *Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*
2. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag.
3. Skryf die getal woorde aan die einde van Vraag 2, 4, 5 en 6 neer OF elke vraag waar die getal woorde gespesifiseer word.

VOORBEELD:

BEPLANNING (op een bladsy)	VRAAG 5 (op die ander bladsy)
	
(Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie.)	(bv. 205 woorde)

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, **Donker web** deur **Fanie Viljoen**.

AFDELING A

VRAAG 1 KONTEKSTUELE VRAE



Lees die onderstaande uittreksels en beantwoord dan die vrae wat volg.

Met daardie malende gedagte stap ek na my broer, John se kamer. Vir 'n oomblik wil ek klop en is daar die vae hoop dat hy sal antwoord. "Kom in as jy 'n broek aanhet!" Dis hoe hy altyd geroep het. Ek kry 'n effense laggie toe ek instap, die lig aansit. 'n Sagte gloed lê oor die kamer.

[bl. 13]

1.1 In watter voorstad van Johannesburg is Greg se ouerhuis geleë? (1)

1.2 Watter tipe atmosfeer heers in die Owens se huis? (1)

1.3 Hoe voel Greg en sy ma onderskeidelik oor John se dood? (2)

1.4 Waarom neem Greg 'n foto van John se foto? (1)

"Never burn a bridge to find your way in the dark. Yes, bridges burn..... but so do people and their dreams."

[bl.20]

1.5

1.5.1 Verklaar die betekenis van die spreekwoord. (1)

1.5.2 Wie was die waarnemende skoolhoof van Lawson Kollege tydens Greg se vertrek uit die skool? (1)

"Is my ma oukei? Is dit die slegte nuus?" vra ek onseker. "Jou ma is veilig. Vir nou." "Dit klink half soos 'n dreigement."

[bl.232]

1.6

1.6.1 Wat is die slegte nuus wat Dirk aan Greg meedeel? (1)

1.6.2 Hoe het hierdie persoon gesterf?. (1)

"Tyd staan stil as jy in die loop van 'n pistool vaskyk. Die hele wêreld storm druisend van jou af weg en jy is so nietig soos 'n enkele naaldprik in die swart heelal."

[bl. 229]

1.7

1.7.1 Wat was Xander se intensie toe hy die pistool op Greg gerig het? (1)

1.7.2 Hoe voel Greg oor Xander se pistool? (1)

1.7.3 Wat kan jy daaruit aflei? (1)

1.8

1.8.1 Wie het vir Greg 'n boodskap onder deur die deur gestuur? (1)

1.8.2 Waar wil die persoon vir Greg ontmoet? (1)

1.8.3 Wat is die doel van die persoon in **1.8.1** se besoek aan Italië? (1)

[15]

VRAAG 2 PAKKIES, PLANK EN PLEKKE

2.1

Twee dae later arriveer nog 'n pakkie by my woonstel. Weer teken ek daarvoor by sekuriteit. Bo in my woonstel klief 'n skerp kombuismes die verpakking oop. Nuuskierig kyk ek in die boks. Binne-in die pakkie is nog 'n pakkie. Op die kant staan in swart letters gedruk: *Dangerous Things*.

[bl.114-115]

Die twee pakkies wat Xander vir Greg stuur, speel 'n belangrike rol in wat verder in die verhaal gebeur.

Skryf 'n paragraaf van **tussen 80 en 120 woorde** oor die inhoud van die twee pakkies en die gebeure wat daarop volg.

- Wat was in die eerste pakkie wat Xander vir Greg gestuur het? (1)
- In die tweede pakkie was 'n transponder. Sê kortliks wat 'n transponder is en hoe dit lyk. (2)
- Waarmee moet die transponder ingeplant word? (1)
- Waarheen stel Xander voor moet Greg gaan om die transponder in sy hand in te plant? (1)
- Greg moet 'n foto as bewys stuur nadat hy die transponder ingeplant het. Hoe bedrieg Greg vir Xander? (2)
- Op watter bloederige toneel kom Greg in sy badkamer af? (1)
- Waarvoor moes Greg die eerste keer die transponder gebruik? (1)

[9]

2.2

In die loop van die volgende paar dae kry ek alle dokumentasie bymekaar vir die reis.

[bl. 126]

- 2.2.1 In watter land moes Greg vir Xander gaan ontmoet? (1)
- 2.2.2 Het Greg op sy eie daarheen gevlieg? Motiveer jou antwoord. (2)
- 2.2.3 Watter **twee items** moes Greg voor sy besoek aan Xander vernietig? ($\frac{1}{2} + \frac{1}{2}$)
- 2.2.4 Hoe probeer Xander seker maak of Greg die transponder by hom het? (1)
- 2.2.5 Hoe reageer Xander toe hy die waarheid oor die transponder uitgevind het? (1)
- [15]

VRAAG 3

DIALOOG

Lank staan Greg en Lisa so in mekaar se omhelsing. Hy is gelukkig om hierdie mense in sy lewe te hê, dink Greg. Hulle sal hom op sy voete hou, want om in hierdie lewe te oorleef, het jy nie net 'n koeëlvaste baadjie nodig nie. Jy moet bombestand wees.

[bl. 309]

Dit is nou na Plank se begrafnis en Greg en Lisa sit en gesels oor Greg se vriende.

- ✚ Voltooi die volgende dialoog tussen Greg en Lisa.
- ✚ Skryf **SLEGS** die vraagnommer en Greg se woorde neer.
- ✚ Kyk na die punte in hakies om te weet hoeveel feite van jou verwag word.
- ✚ Laat 'n reël oop na elke antwoord.

3.1 Lisa: Sjoel Ek kan nie glo dat ek nooit weer vir Plank sal sien nie, maar vertel eers vir my hoekom het hulle gedink dat dit jy was wat in Venesië gesterf het?

Greg: (1)

3.2 Lisa: Ek weet Plank was baie keer onverantwoordelik. Wat het hy nou weer in Istanboel gedoen wat jou gedwing het om daardie moeilike keuse te maak?

Greg: (2)

3.3 Lisa: Wat was vir jou die moeilikste en onmoontlike keuse om te maak **en** waarom was dit so moeilik?

Greg: (2)

3.4 Lisa: Jy en Plank was saam in graad 12 by Lawson College. Waarom is jy dan nou 'n eerstejaarstudent terwyl Plank in sy tweedejaar is?

Greg: (1)

3.5 Lisa: Beskryf kortliks hoe Plank later in Venesië gelyk het, toe Xander gesê het dat dit gelyk het asof die onderwêreld hom uitgespoeg het.

Greg: (2)

3.6 Lisa: Jy moes geskok gewees het om hom so te sien. Wat het hy toe vir jou gegee?

Greg: (1)

3.7 Lisa: Jy het vir hom baie vrae gevra, maar hy het jou nie geantwoord nie. Waarom, dink jy, het hy net gefrons en jou nie geantwoord nie?

Greg: (1)

3.8 Lisa: Al was Plank in daardie aaklige situasie, het hy nog steeds probeer om jou teen die Baker-hulle te waarsku. Wat het hy gedoen om jou te laat weet dat daar wel iets fout was?

Greg: (1)

3.9 Lisa: Jy het 'n baie goeie vriend in Plank gehad. Daar was ook daardie ander ou, Eckardt. Wie was hy en wat was sy regte naam nou weer?

Greg: ... (2)

3.10 Lisa: Plank het my vertel dat jy baie kwaad vir en teleurgesteld in Eckardt was, maar hy het nooit vir my gesê hoekom jy so gevoel het nie...
Vertel my daarvan asseblief.

Greg: (1)

3.11 Lisa: Dis vreeslik, ek is baie jammer om dit te hoor. Plank het ook van 'n Tom ou gepraat wat Eckardt se vriend was. Is ek reg as ek sê dat hy vir Xander gewerk het? (Motiveer jou antwoord.)

Greg: (1)

[15]

VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL

TEMA: Greg se verhouding met ander karakters.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor **Greg se vriendskappe en verhoudings met ander karakters**.

- Jou opstel moet 'n **inleiding** en 'n **slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Onthou asseblief om jou beplanning dood te trek.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

Paragraaf 1 – Inleiding

Paragraaf 2 – Gewese vriende

- Waarom moes Greg en Nicole destyds opbreek? (1)
 - Wat het in Nicole se lewe gebeur nadat sy en Greg uitmekaar is? (Gee twee feite). (1)
 - Hoe voel Greg nou oor haar? (1)
 - Hoekom, dink jy, is Greg en TJ nie meer vriende is nie? (1)
 - Waarom het Greg aanvanklik met Xander (Eckardt Wilken) bevriend geraak. (1)
 - Later verwys Greg na Xander as die duiwel? Hoekom, dink jy, voel hy so oor Xander? Noem twee feite. (2)
- [7]**

Paragraaf 3 – Nuwe vriende

- Wie woon in Stellenbosch in dieselfde woonstelkompleks as Greg? (1)
 - Wat studeer sy? (1)
 - By watter eerstejaarsprojek probeer sy Greg betrek? (1)
 - Hoe moet Greg haar “terugbetaal” vir haar hulp met die transponder? (1)
 - Wie is Dain February? (1)
 - Op watter manier “help” Dain vir Greg met sy studies? (1)
 - Dain verwys na Greg as: “Een van ons”. Wat, dink jy, het Dain daarmee bedoel? (1)
- [7]**

Paragraaf 4 – 'n Getroue vriend

- Waar het Greg en Plank se vriendskap begin? (1)
 - Hoe verskil Greg en Plank se siening oor die studentelewe en hulle studies? (2)
 - Plank beskryf homself en Greg as “klone” van hulle pa's. Bespreek wat hy hiermee bedoel. (1)
 - Waarom, dink jy, is Plank die een wat vir Greg soos 'n broer is? (1)
 - Op watter manier het Greg vir Plank in Istanboel in die steek gelaat? (1)
- [6]**

Paragraaf 5: Slotparagraaf

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (5)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 70

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf die **getal woorde** aan die einde van **elke vraag** neer.
4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal daar na die volgende gekyk word:

- kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
- interpretasie van die opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- taalgebruik

5. Beplanning

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf.
Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

5.1 Skryf die opskrif, BEPLANNING, bo-aan.

5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

VRAAG 6

ADVERTENSIE



[Bron: GoogleImages]

Situasie:

Jy het 'n kursus in fotografie voltooi. Jy besluit om sakgeld met jou nuwe vaardigheid te verdien. Jy is nog baie nuut, maar geniet die werk baie. Adverteer jou dienste op **Gumtree**.

Opdrag:

Skryf nou 'n **kort advertensie** van tussen **60 en 100 woorde** en sluit die volgende in:

- **Noem** jou kwalifikasie en ondervinding.
- **Prys** van jou dienste.
- **Rede** waarom jy dink jy goed hiermee is.
- **Noem** die funksies/geleenthede waarvoor jy kans sien.

Instruksies:

- Die inhoud van jou advertensie moet **tussen 60 en 100 woorde** wees.
- Gebruik die **onderstaande struktuur vir jou advertensie**.
- **Skryf die totale aantal woorde onderaan jou advertensie neer.**

Diens	
Prys	
Beskrywing	

(10)

TOTAAL AFDELING B: 30

TOTAAL: 100 punte